# DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS 400 JAAR IN DIENS

## I. *Die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus.*

In 1555 het die godsdiensvrede van Augsburg tot stand gekom, waardeur die reg aan die verskillende Duitse Landvorste toegeken is om te beslis oor die godsdiens wat as die offisiële in daardie gebied erken sou word. As gevolg van hierdie reëling moes die vors dus bepaal of die Lutherse Kerk of die Roomse die heersende sou wees, en ooreenkomstig sodanige beslissing moes die onderdane dan handel. So was dit moontlik dat 'n vors van een van die gebiede van die Duitse ryk kon bepaal dat die Lutherse godsdiens binne die grense van sy land die offisiële godsdiens sou wees, terwyl sy onmiddellike opvolger weer die Roomse godsdiens tot die posisie kon verhef en die Lutherse kon onderdruk. Hierdie bepaling was net van toepassing op die aanhangers van die Augsburgse konfessie en die Rooms-Katolieke, want die Calviniste was daarvan uitgesluit. Nieteenstaande hierdie feit het daar tog in enkele state van die Duitse ryk soos bv. in die Keurvorstedom die Paltz, 'n ander reëling gegeld nl. dat die vors, in hierdie geval keurvors Frederik III van die Paltz, die Gereformeerde godsdiensvorm ingevoer het. En dit is in hierdie verband wat hy in 1562 die opdrag aan twee jong teoloë, Zacharias Ursinus en Casper Olevianus, gegee het om 'n leerboek op te stel. Die resultaat van hierdie opdrag was die so bekende Heidelbergse Kategismus, waarvan die vierde eeufees nou internasionaal herdenk word.

Ten tyde van hierdie opdrag was albei die jong manne woonagtig te Heidelberg. Ursinus was verbonde aan die Universiteit aldaar en moes o.a. Dogmatiek doseer. Olevianus was toe belas met 'n Superintendentskap, wat hy spoedig laat verander het in 'n generale kerkraad te Heidelberg. Presiese gegewens in verband met hulle werkwyse en die respektiewe aandeel wat elkeen van hulle gehad het in die werk is nie beskikbaar nie, veral as gevolg van die verwoestende oorloë wat later in die omgewing van Heidelberg gewoed het en wat verantwoordelik was vir onherstelbare skade aan kerklike Acta en Argiewe van die Universiteit en tal van biblioteke. Dit is ook die rede waarom verskillende skrywers oor hierdie werk die aandeel van die twee opstellers respektiewelik so uiteenlopend aandui.

Teen die helfte van die jaar 1562 het die twee manne hulle opdrag van die keurvors ontvang. In die uitvoering daarvan het hulle nie gemeenskaplik gearbei nie, maar elkeen het afsonderlik te werk gegaan

en sy gedagtes geformuleer. hoewel albei sekere bronne soos o.a. die Geneefse kategismus van Calvyn en die Embder-kategismus van à Lasco as leidraad gevolg het. En waar hulle nie vooraf 'n gemeenskaplike plan as basis ontwerp het nie, het hulle werk uiteindelik grootliks van mekaar verskil. hoewel die inhoud van die leer hoofsaaklik dieselfde was, maar in leerwyse en manier van behandeling was daar groot verskil. Olevianus se konsep het 'n duidelike en eenvoudige ontwikkeling van die verbond van die genade behels. terwyl Ursinus die Christelike leer in drie hoofstukke ingedeel het: die ellende van die mens. die verlossing uit die ellende en die dankbaarheid vir die verlossing. Toe hulle die resultaat van hul afsonderlike pogings vergelyk het. het hulle die groot verskil opgemerk en ook vasgestel dat dit te wyte was aan die gemis van 'n gemeenskaplike basis. Olevianus het erken dat die werk van sy medebroeder syne oortref het. met die gevolg dat Ursinus se konsep ten opsigte van die vorm gehandhaaf is.

Nadat die keurvors die twee konsepte nagegaan het. is aan Ursinus opgedra om die geheel in sy finale vorm te bring. terwyl Olevianus opdrag ontvang het om die Latynse teks in Hoogduits gereed te maak. Toe hierdie opdragte volvoer was, het die keurvors, hoewel hy oortuig was dat die inhoud van die leerboek geheel en al ooreenkomstig Gods Woord was, tog nog teen die end van 1562 'n vergadering van die Superintendente en die vernaamste leraars van die Paltz byeengeroep met die doel om die Kategismus noukeurig te ondersoek en aan Gods Woord te toets en hom daarna van hulle gevoelens te verwittig. Hierdie opdrag is deur die sinode met groot noukeurigheid uitgevoer. en die keurvors is in sy verwagting nie teleurgesteld nie. In die rapport aan die keurvors is verwondering uitgespreek oor die wysheid in die lering wat die boek bevat, die juiste vorm van die Gereformeerde leerbegrip en met een woord die werk is met die grootste lof goedgekeur en eenparig by die keurvors aanbeveel. met die versoek dat dit so spoedig moontlik gedruk moes word. Die nodige voorbereidsels hiervoor is getref. en vroeg in 1563 het die Kategismus in Duits sowel as in Latyn die lig gesien. So het hierdie werk tot stand gekom, wat na sy verskyning en invoering in skool en kerk deur veel stryd begroet is; wat deels verhef is op bykans gelyke vlak met Gods Woord en deels verwerp is as minderwaardig en sodoende verneder is.

En hoewel albei tekste as oorspronklik beskou kan word. moet tog die Duitse edisie as die enig oorspronklike uitgawe beskou word. en dit het die titel gedra van CATECHISMUS ODER CHRISTLICHER UNTERRICHT WIE DER IN DEN KIRCHEN UND SCHULEN DER CHURFÜRSTLICHEN PHALZ GETRIEBEN WIRDT. Latere edisies is heelwat verander en van die so bekende verdeling in Sondae voorsien asook redaksionele wysiginge.

## II. *Die rol wat die kategismus vervul het in die Reformasie van die Paltz.*

Met die verskyning van die leerboek en die invoering daarvan in skole en kerke is 'n uiters belangrike stap gedoen om nie net die reformasiegedagtes in die Paltz te vestig nie, maar beslis ook om die Gereformeerde godsdiensvorm aldaar te bestendig.

Die boek is nie sonder teenstand aanvaar nie; inteendeel die verskyning was die teken vir venynige aanvalle daarop en ook op die regte van die Gereformeerdgesindes om onder dekking van die bepalinge van die godsdiensvrede van Augsburg die Gereformeerde godsdiens in te voer. Nieteenstaande hierdie aanslae geloods is teen die Kategismus sowel as teen die Gereformeerde godsdiens, is dit tog gehandhaaf en met krag verdedig.

Hoe betekenisvol die invoering van die Heidelberger was vir die Reformasie in die Paltz kan gemaklik afgelei word uit die volgende:

Die eerste edisie van die Kategismus het in Januarie 1563 die lig gesien en nog in dieselfde jaar was 'n herdruk nodig, waarin op bevel van die keurvors belangrike byvoeginge gekom het. Bv. die invoeging van vraag en antwoord 80 insake die verskil tussen die Roomse Mis en die Heilige Nagmaal.

Verder is die Kategismus op uitdruklike bevel van die keurvors Frederik III ingevoer as godsdienstige leerboek in die skole, sodat die jeug van die volk ingelei kon word in die goddelike waarhede wat in die Heilige Skrif opgeteken is en deur die Heidelberger in formule gebring sodat die kinders dit des te makliker kon leer. En hoe deeglik hierdie onderrigwerk volvoer is. sou weldra blyk toe na die dood van Frederik III sy seun en opvolger alles oorgeskakel het na die Lutherse godsdiens tot so 'n mate dat die geestelike leiers die land verlaat het. maar na sy dood kon sy opvolger alles maklik weer terugskakel na die Gereformeerde godsdiens, tot groot vreugde van die meerderheid van die bevolking.

In die bevelskrif van Frederik III aan die Superintendente, kerk- en skoolleraars word die redes bekendgemaak vir die opstel van die leerboek. en daaruit blyk dat hy die volk vermaan en beveel het om tot eer van God. tot heil van hul eie siele dit dankbaar te aanvaar; in sy ware sin die jeug. in skole en kerke. en ook van die preekstoel af die gemeente vlytig in te prent. om daarvolgens te onderwys. te lewe en op te tree. in die vaste verwagting en met vertroue, dat as die jeug aanvanklik aldus en met erns in die Woord van God onderwys en opgevoed word. die Almagtige dan ook verbetering van die lewe en tydelike en ewige welvaart sou wil skenk.

Edeler doel vir hierdie stap kon moeilik aangekondig gewees het, en hierdie verwagting van die vrome keurvors is dan ook ten volle ver-

wesenlik, want nie net is die volk grondig ingelei in die waarhede nie, maar die middel vir daardie doel gekies, nl. die Kategismus, het naas die Heilige Skrif na 400 jaar nog nie onbruikbaar geword nie en vervul vandag nog daardie taak as Christelike volksleerboek van die gelowiges.

### III. *Die Heidelbergse Kategismus as Nederlandse leerboek.*

Tevore is reeds daarna verwys dat hierdie Kategismus van die Paltz nie beperk gebly het tot daardie land nie, maar internasionale bekendheid verwerf het as kategetiese leerboek. Wat Nederland betref het ons egter 'n sonderlinge posisie, aangesien die Heidelbergse Kategismus daar nie net bekendheid verwerf het nie, maar inderdaad aanvaar is as kerklike leerboek by uitstek. As gevolg van hierdie verwikkeling is dit nodig dat ons besondere aandag skenk aan hierdie feit en die belangrikste gegewens in die verband na vore bring.

Hoewel Nederland kort na die optrede van Luther te Wittenberg in 1517 met hierdie reformasiegedagtes in aanraking gekom het, was dit tog nie hierdie reformasiebeweging wat die grootste houvas op die Nederlandse volk verkry het nie, maar wel die wat heelwat later vanuit Genève die land binnegedring het. Daarom vind ons veral so teen 1563 dat die suidelike dele van Nederland, nieteenstaande die hewige vervolging van die kant van die owerheid, tog in die geheim Gereformeerde gemeentes sien ontstaan het en dat selfs in die geheim sinodes gehou is, waar belangrike besluite geneem is, w.o. die insake die aanvaarding van die Nederlandse Geloofsbelydenis as belydenisstuk van die kerk. Mede as gevolg van die deurwerking van hierdie reformasiegedagtes het die groot beeldestorm in 1566 aldaar plaasgevind en gevolglik die weerwraakmiddels van koning Filips II en sodoende 'n verdere verdrywing van duisende inwoners van die gebiede om as vlugtelinge in veiliger oorde elders onderdak te gaan vind.

Onder diegene wat toe reeds as vlugtelinge elders vertoef het was 'n sekere Petrus Datheen. Hy is te Cassel in België gebore en het later Karmelieter-monnik geword by Yperen, waar hy ook met die leer van die Hervorming bekend geraak het; daarna sodanig onder invloed daarvan gekom het dat hy die klooster verlaat het en na Londen vertrek het, waar hy as boekdrukker opgetree het. Hier het hy hom laat orden as predikant om sodoende sy kragte te wy aan die uitbreiding van Gods Koninkryk. Na die dood van koning Eduard VI van Engeland egter moes hy die land verlaat en na 'n swerftog deur Duitsland, het hy eindelik predikant te Frankfort aan die Main geword, waar hy 'n gemeente van Nederlandse vlugtelinge bedien het. En toe hulle regte ook aldaar ingekort is, het hy by keurvors Frederik III van die Paltz aangeklop en die het die verstrooide Nederlanders toegelaat om te Frankendaal te

woon, en daar kon hulle ongehinderd in hulle eie taal hul godsdienstige byeenkomste hou met ds. Datheen as hulle predikant. Onder sy leiding het hierdie gemeente geestelik gebloei. Toe die Heidelbergse Kategismus in die gemeentes van die Paltz ingevoer is, het ds. Datheen dit ook in sy gemeente gebruik en toe hy in 1566 sy psalmberyming uitgegee het, het hy ook agteraan o.a. die Heidelbergse Kategismus. in Nederlands vertaal, ingevoeg saam met Liturgiese formuliere. Te Embden het reeds in 1563 'n Nederlandse vertaling van die Heidelberger verskyn, en na alle waarskynlikheid het Datheen in 1566 gebruik gemaak van die Embden-vertaling om sy teks gereed te kry. En dit is hierdie vertaling van Datheen wat met enkele veranderinge later ingeburger geraak het in die Nederlandse Gereformeerde Kerke en wat tot vandag toe daarin gehandhaaf is. In die Nederlandse Kerk is die nuwe kategetiese leerboek aanstons algemeen in gebruik geneem, maar nie omdat die kerke daartoe verplig was nie. Die Konvent van Wesel 1568 en die Sinode van Embden 1571 het die Heidelberger baie sterk aanbeveel, maar nie verpligtend gestel nie. Eers die Sinode van 1574 het besluit dat die leerboek in alle kerke in gebruik geneem moes word. In dieselfde gees het die Sinode van Dordrecht 1578 en dié van Middelburg 1581 besluit, en op die Sinode van 's-Gravenhage 1586 is toe besluit om dit in die kerkorde op te neem dat die predikante elke Sondagmiddag die Heidelbergse Kategismus kortliks vir die gemeente moet verklaar, die sg. kategismuspreke dus. So is die Heidelbergse Kategismus op kerklike en politieke gesag ingevoer in die kerke en skole in Nederland, alwaar die owerheid moes toestem dat algemene sinodes deur die kerk gehou kon word, en verteenwoordigers van die owerheid die sinodes bygewoon het.

Aanvanklik was daar geen sprake van dat die Heidelbergse Kategismus onderteken moes word nie, maar die Algemene Sinode van 's-Gravenhage 1586 het besluit dat die skoolmeesters dit moes doen voordat hulle in daardie hoedanigheid in die skole kon optree. En dit is dan ook in hierdie tyd dat die Heidelberger meer en meer beskou is as 'n simboliese geskrif saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis, sodat aan die begin van die 17e eeu in Friesland gelas is dat slegs predikante wat gewillig was om die Heidelbergse Kategismus te onderteken, toegelaat moes word tot die bediening van Woord en Sakramente. Sodoende is die Kategismus naas die Nederlandse Geloofsbelydenis geplaas as geloofstuk. En hierdie stap van Friesland het navolging gevind in ander state, en daardeur is die weg voorberei vir die Sinode van Dordrecht 1618—1619 om te bepaal dat alle predikante naas die Nederlandse Geloofsbelydenis ook die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls moes onderteken alvorens hulle as predikante kon optree. En toe die nedersetting aan die Kaap in 1652 gestig is, is die kerklike lewe alhier onder hierdie bepaling van Dordrecht georganiseer en daarmee ook die Heidelbergse Kategismus

as deel van die Drie Formuliere van Enigheid na hierdie land oorgebring. En in die kerklike lewe wat gedurende die volgende eeue alhier ontplooi het, het hierdie leerboek steeds 'n plek gevind sodat dit ook vandag nog, afgesien van die feit dat dit een van die geloofstukke is, as belangrike kategetiese leerboek gehandhaaf word.

Uit hierdie historiese oorsig van die inburgering van die Heidelberger in Nederland en Suid-Afrika en die plek wat dit weldra verower het in die kerklike lewe, kan direk afgelei word dat daar indertyd beslis 'n groot behoefte aan sodanige leerboek bestaan het. Daar was wel verskeie ander boeke in omgang, maar die Heidelberger het soveel byval gevind dat dit spoedig die nasionale kategetiese leerboek geword het.

Sonder om hier af te daal in besonderhede en sodoende die Heidelbergse Kategismus as kategetiese leerboek te ontleed, word hier tog enkele redes aangedui waarom dit in daardie hoedanigheid gehandhaaf is deur die loop van die vier eeue.

(i) *Die Kategismus as troosboek.*

As 'n kategetiese leerboek waarin die waarhede wat in die Heilige Skrif vervat is en in die geloofsbelydenis in formule gebring, in sodanige vorm voorgehou word dat almal daardeur verryk kan word, tref die eerste vraag en antwoord van die Kategismus in besondere mate. Die enigste troos in lewe en sterwe — so wil die Kategismus die leerinhoud tuisbring by die gelowiges. Dit is inderdaad so 'n ongewone benadering vir 'n leerboek dat dit gedurig die aandag moet trek.

Tog het die opstellers van die Heidelberger nie net die troosgedagte as uitgangspunt vir hulle werk aanvaar nie, maar hulle het inderdaad die inhoud van die leerstukke van die Christelike Kerk konsekwent vanuit daardie hoek in die lewe van die gelowiges probeer tuisbring. Dit het aan die leerboek 'n besondere praktiese inslag besorg, sodat die behandeling van die afsonderlike leerstukke nooit abstrak en verwyderd is van die gewone lewensstryd nie, maar altyd 'n verwarmende gloed laat uitstraal te midde van die ootmoedigende lewensprobleme. En net soos die mensegeslagte gedurig behoefte het aan troos om te volhard in die lewensstryd, so kan die benadering van die leer van die kerk vanuit die troosgedagte nooit verouder nie.

(ii) *Psigologiese inkleding van die Kategismus.*

Sonder dat die opstellers van die Heidelbergse Kategismus die mens in die sentrum geplaas het en sodoende 'n ongeoorloofde aksentsverskuiwing bewerkstellig het, het hulle tog daarin geslaag om die mens met al sy behoeftes as sondaar of sondares daarin tot sy reg te laat kom. Hierdie belangrike trek in die Heidelberger as leerboek is hoofsaaklik

verkry deur die rangskikking van die leerstof so psigologies as moontlik in te klee. So is dit reeds vanaf die eerste vraag en antwoord duidelik dat dit hier nie sou gaan oor 'n koue ontleding van die leerstukke van die Gereformeerde godsdiens nie, maar 'n behandeling daarvan op sodanige wyse dat die diepste sielsbehoeftes van die mens bevredig kan word. Hierdie psigologiese inkleding lê inderdaad soos 'n goue draad ingeweef in die hele stuk. Dit moet bepaald aangedui word as 'n belangrike rede waarom hierdie werk van Ursinus en Olevianus nie net op internasionale vlak bekendheid verwerf het nie, maar na vier eeue nog beskou word as 'n onoortrefbare kategetiese leerboek. Die menslike behoeftes verander van tyd tot tyd en van land tot land, maar sekere grondleggende psigiese behoeftes bly onder alle veranderinge heen tog konstant. En juis omdat die Heidelberger daardie grondleggende psigiese behoeftes bevredig, word dit vandag nog steeds gehandhaaf.

(iii) *Rangskikking van die leerstof.*

Afgesien van die psigologiese inkleding van die leerinhoud van die Heidelberger vind ons in die rangskikking van die leerstof 'n verdere rede vir sy handhawing deur die eeue. Ten einde hierdie bewering nader aan te dui kan dit sy nut hê om drie uiters belangrike kategismusse wat gedurende die 16e eeu verskyn het, met mekaar te vergelyk in soverre dit die rangskikking van die leerstof betref. Die drie is die Kategismus van Luther, die van Calvyn en die van Heidelberg.

(a) *Die Kategismus van Luther.*

Luther het twee kategismusse opgestel nl. die grote en die kleine. En lg. was vir die kategese van so groot belang dat dit nog steeds as katkisasieboekie gehandhaaf word.

Luther laat hom grootliks lei deur die vraag: Hoe kom dit tussen die sondige mens en sy God weer in orde? In die opbou van sy kategismus moet die antwoord op hierdie vraag gevind word. Hierdie opvatting van Luther kan ook genoem word die antropologiese. Die mens wat skuldig is voor God moet eers tot insig kom in sy skuldige staat voor God. Daarna kan aangedui word hoe die mens deur die geloof in Jesus Christus geregverdig is. Daarna kom die gebed as vorm van omgang met God in die geloof aan die orde. En eindelik die Sakramente as bevestiging van die Evangelie in die gemeenskap van die kerk. Die volgorde van die stukke by Luther is dus: Die gebod (Decaloog), geloof (apostolicum), die gebed (die Onse Vader) en die Sakramente. By Luther val die klem dus op die Tien Gebooie as die tugmeester na Christus toe en nie soseer as die reël van die lewe nie, met die gevolg dat die sondeleer 'n soort selfstandige karakter ontvang en die etiek in gedrang kom.

(b) *Die Kategismus van Calvyn.*

In sy Kategismus van Genève het Calvyn anders te werk gegaan. By hom staan die vraag: Hoe kan die mens God ken en dien? voorop. Deurdat hy dit as uitgangspunt aanvaar het kan sy opvatting die teologiese genoem word. In die antwoord op hierdie vraag laat Calvyn die opbou van die kategetiese leerstof na vore kom. Eers moet die mens gelowig op God vertrou, dan sy lewe in gehoorsaamheid aan Gods wil onderwerp, ooreenkomstig die goddelike gebooie, verder moet God in gebed aangeroep en vereer word en eindelik saam met die gelowiges in Woord en Sakramente God se Naam bely. Die volgorde van die stukke is dus by hom: Geloof (apostolicum), gebod (Decaloog), gebed (Onse Vader) en Sakramente.

Tussen die rangskikking van Luther en Calvyn blyk die verskil dus dat die leer van die sonde by Calvyn nie so 'n selfstandige plek gekry het nie, en die etiek kom aan die hand van die Decaloog voluit aan die orde.

(c) *Die Heidelbergse Kategismus.*

Die saamstellers van die Heidelbergse Kategismus het 'n hele aantal goeie kategismusse tot hulle beskikking gehad ten tyde van die vervulling van hulle opdrag en ongetwyfeld is ruimskoots gebruik gemaak van die twee hierbo genoemdes tesame met ander. As ons egter die Heidelberger vergelyk met die van Luther en Calvyn is daar nogal belangrike verskille naas die vele punte van ooreenkoms. Die Heidelberger kan ten opsigte van die rangskikking van die stof as 'n soort sintese beskou word tussen die twee voorafgenoemdes. Reeds in die aanhef van die Heidelberger ontmoet ons 'n saamvoeging van die antropologiese benadering van Luther en die teologiese van Calvyn in wat ons kan noem die Christologiese benadering van die Heidelberger. Dit kom baie duidelik aan die lig in die eerste antwoord, waar die enigste troos in lewe en sterwe aangedui word as geleë in Christus by Wie die sondaar beveilig is teen alle magte. Op die Christologiese weg gaan die Heidelberger voort met sy indeling van ellende, verlossing en dankbaarheid. In die ondersoek na die ellendestaat vind die gebod wel 'n plek maar nie in extenso nie, maar slegs in die opsomming wat Christus self van die Wet gegee het. In die deel wat handel oor die verlossing volg die behandeling van die geloof in Christus met die daarbypassende lewe in gemeenskap van die geloof rondom Woord en Sakramente. En in die derde deel kom die Tien Gebooie eers volledig aan die orde as reël van dankbaarheid, en dan die bedes van die Onse Vader as uitdrukking van die verbondenheid met God langs die hele linie van die lewe. Met hierdie rangskikking het die kategetiese stukke dus 'n belangrike hergroepering ondergaan rondom die kerngedagte van troos in Christus, en vind ons die volgende orde van behandeling:

Gebod (hoofsom), geloof (apostolicum), sakramente, gebod (Tien Gebooie) en gebed (Onse Vader). Die sintese tussen Luther en Calvyn kan dus ten opsigte van die volgende aangedui word:

(1) Die tweeledige funksie van die gebod nl. die hoofsom van die Wet as tugmeester na Christus (Luther) en die Tien Gebooie as lewensreël van dankbaarheid (Calvyn). So kom Luther se leer van die sonde tot sy reg maar nou in die kader van 'n vooropgestelde Christologiese belyde en Calvyn se plaatsing van die Decaloog as reël vir die etiek word onder die opskrif van dankbaarheid oorgeneem.

(2) Die nouere binding van die stuk van die Sakramente aan die van die geloof en wel in breëre verband van die bestaan van die gemeente rondom Woord en Sakramente albei.

Hierdie wyse van rankskikking van die leerinhoud was ongetwyfeld besonder gelukkig en grootliks verantwoordelik vir die navolging wat kategetiese handleidinge met hul keuse van die driedeling: ellende, verlossing, dankbaarheid in die loop van jare bly openbaar het.

(iv) *Die kategismusprediking.*

Nog 'n laaste rede vir die handhawing van die Heidelberger as kategetiese leerboek deur die eeue moet gsien word in die bepaling van die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618/19 dat die leer van die kerk volgens die Kategismus vanaf die kansel behandel moes word.

In die Dordtse kerkorde van 1618/19 lui hierdie bepaling: „De Dienaers sullen alomme des Sondaeghs ordinaerlijck inde namiddaechsche Predicatie, de somma der Christelijcke Leer inden Cathechismo, die tegenwoordich inde Nederlantsche Kercken aenghenomen is, vervattet cortelijck uytleggen, alsoo dat de selve jaerlijcks magh gheeyndicht worden volghende de afdeelinge des Cathechismi selfs daer op gemaeckt". (art. 68).

Met hierdie bepaling van die Sinode was die Heidelbergse Kategismus verhef tot 'n leerboek van die hele gemeente ook lank nadat die katkasiestadium agter die rug was. Dus van kindsbeen af het die gelowiges kennis gemaak met die Heidelberger en tot op hoë ouderdom, ja tot die dood toe, was dit die leerboek waaruit die troos vir lewe en sterwe geput is deur die soenlyde en -dood van die Here Jesus Christus.

IV. *Die Heidelbergse Kategismus as simboliese geskrif.*

Die Heidelberger was egter veel meer as net leerboek van die kerk en by die 400-jarige herdenking daarvan mag die feit dat dit ook 'n belangrike deel van die stukke van die Geloofsbelydenis uitmaak, nie agterweë bly nie.

P. Biesterveld dui in sy „Schets van de Symboliek" 'n simboliese geskrif soos volg aan: „Een geschrift waarin eene kerk of een groep van kerken uitspreekt wat zij houdt voor de waarheid naar het Woord Gods".

Deurdat die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618 19 besluit het „Ende aengaende de onderteekeninge is goet gevonden dat alle Predicanten, Professoren, Regenten der Collegiën, Rectoren ende Schoolmeesteren de Confessie ende Catechismo sullen onderteekenen op het voors. formulier . . ." is die Heidelberger tot die kategorie van belydenisskrif verhef. En die rede hiervoor moet ongetwyfeld gesoek word in die feit dat dit 'n geskrif was wat die waarheid van Gods Woord duidelik weerspieël het. Daarom is die Heidelbergse Kategismus wat op bogenoemde Sinode ook hersien is, gereken tot die Drie Formuliere van Enigheid wat vir die Gereformeerde Kerk in Nederland as belydenisskrifte gegeld het. en tot vandag toe nog geld as die belydenisstukke van die Drie Afrikaanse Kerke in ons land.

Dat in hierdie jaar dus die 400-jarige bestaan van die Kategismus internasionaal gevier word is afdoende bewys van die besondere plek wat hierdie stuk in die lewe van die Gereformeerd-gesindes vandag nog inneem. 'n Kosbare gawe wat as geestelike erfstuk nie gedoem was om op eerbiedwaardige wyse in 'n glaskas weggebêre te word nie, maar om vandag nog in die kerklike lewe die volle aandag te geniet en 'n kragtige middel is om die waarhede van Gods Woord in die lewe van klein en groot in te dra.

P.U. vir C.H.O. J. P. Jooste.

LITERATUURLYS:

Dr. G. D. J. Schotel: Geschiedenis van den Oorsprong. de Invoering en de Lotgevallen van de Heidelbergsche Catechismus.
P. Biesterveld: Schets van de Symboliek.
Dr. H. H. Kuyper: De Post-Acta of nahandelingen van de Nationale Synode van Dordrecht in 1618 en 1619 gehouden.
Kuyper en Biesterveld: Kerkelijk Handboekje.
Dr. G. Oorthuys: De Eeuwige jeugd van Heidelberg.
Dr. S. F. H. Berkelbach van den Sprenkel: Catecheliek.
Dr. R. Bijlsma: Kleine Catecheliek.
Dr. F. W. Grosheide e.a.: Geschiedenis der Kerk. deel II.
Dr. K. Dijk: De Dienst aan de Kerkjeugd.
Dr. D. W. de Villiers: Die Kategese in die Ned. Geref. Kerk van S.A.
Christelijke Encyclopaedie (tweede druk), Bande 1, 2, 3.
A. D. R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, deel I.